

27 November

Skrifgedeelte: Jesaja 22:15-23:18

Fokusgedeelte: Jesaja 22:15-25

Verwaandheid en magismisbruik is 'n euwel

Die twee amptenare van Hiskia, Sebna en Eljakim, figureer ook in 2 Konings 18 en 19. Hulle was die koning se top amptenare. Dis iets besonder dat die twee amptenare by name in die boek van Jesaja vermeld word. Dit gebeur nie so dikwels dat mense by die naam genoem word nie. Die presiese historiese agtergrond van die gebeure waarna ons fokusgedeelte verwys, is nie bekend nie. In 2 Konings tree die twee saam op in die tyd toe Sanherib Jerusalem beleër het. Dit wil dus voorkom asof die profesie van Jesaja verwys na gebeure later as die beleg van Jerusalem deur Sanherib, maar dit is nie heeltemal seker nie. Wat wel seker is, is dat Sebna hard veroordeel word. Sy belangrike posisie het na sy kop gegaan. Sy verwaandheid en soeke na eie eer sou op 'n groot vernedering uitloop. Eljakim kom wel beter daarvan af. Die Here oordeel positief oor hom, maar tog was alles daar ook nie plus nie. Hy het moontlik sy familie bevoordeel - iets wat dikwels 'n versoeking vir belangrik, amptenare is. Dit gebeur dikwels dat gelowige mense verantwoordelike posisies beklee. 'n Mens mag natuurlik trots wees op wat jy bereik in die lewe. Tog moet 'n gelowige baie versigtig wees om nie te swig voor die versoekings wat dikwels gepaard gaan met groot verantwoordelikhede nie. Wie swig bring die Here se eer in gedrang. Wie egter op 'n gelowige wyse sy werk doen, se werk getuig tot God se eer.

Sing: Skrifberyming 49:2-4 Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)